BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG | PUBLISHED BY AUTHORITY

R1,20 Vrydag 30 November 1984 WINDHOEK Friday 30 November 1984 No. 4983

INHOUD:

*Bladsy*

**PROKLAMASIES**


No. AG. 39 Wysiging van die Regeringsdienswet, 1980, en voorsiening vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan 1

No. AG. 40 Wysiging van die Proklamasie op Verteenwoordigende Owerhede, 1980, en voorsiening vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan 11

No. AG. 41 Wysiging van die Proklamasie op die Verteenwoordigende Owerheid van die blankes, 1980 (Proklamasie AG. 12 van 1980) 39

No. AG. 42 Inwerkingtreding van die Wysigingsproklamasie op die Regeringsdiens, 1984 (Proklamasie AG. 39 van 1984) 40

No. AG. 43 Inwerkingtreding van die Wysigingsproklamasie op Verteenwoordigende Owerhede, 1984 (Proklamasie AG. 40 van 1984) 40


CONTENTS:

*Page*

**PROCLAMATIONS**


No. AG. 39 Amendment of the Government Service Act, 1980, and provision for matters connected therewith 1

No. AG. 40 Amendment of the Representative Authorities Proclamation, 1980, and provision for matters connected therewith 11

No. AG. 41 Amendment of the Representative Authority of the Whites Proclamation, 1980 (Proclamation AG. 12 of 1980) 39

No. AG. 42 Commencement of the Goernment Service Amendment Proclamation, 1984 (Proclamation AG. 39 of 1984) 40

No. AG. 43 Commencement of the Representative Authorities Amendment Proclamation (Proclamation AG. 40 of 1984) 40


Repealed by Act 13/95/40

# PROKLAMASIES

van die

## ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

*(Deur die Staatspresident goedgekeur op 28 November 1984)*

No. AG. 39 1984

## WYSIGING VAN DIE REGERINGSDIENSWET, 1980 EN VOORSIENING VIR AANGELEENTHEDE WAT DAARMEE IN VERBAND STAAN

# PROCLAMATIONS

by the

## ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

*(Approved by the State President on 28 November 1984)*

No. AG. 39 1984

## AMENDMENT OF THE GOVERNMENT SERVICE ACT, 1980, AND PROVISION FOR MATTERS CONNECTED THEREWITH

Kragtens die bevoegdheid my verleen by Proklamasie 181 van 19 Augustus 1977, maak ek hierby die wette in die Bylae vervat.

W.A. VAN NIEKERK
Administrateur-generaal Windhoek, 28 November 1984

Under the powers vested in me by Proclamation 181 of 19 August 1977, I hereby make the laws set out in the Schedule.

W.A. VAN NIEKERK
Administrator-General Windhoek, 28 November 1984

## BYLAE

*Wysiging van artikel 1 van Wet 2 van 1980*

1. Artikel 1 van die Regeringsdienswet, 1980 (hieronder die Wet genoem), word hierby gewysig deur in paragraaf (b) van die omskrywing van "beampte" in subartikel (1) die woorde "in 'n pos" te skrap.

*Wysiging van artikel 2 van Wet 2 van 1980*

2. Artikel 2 van die Wet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

" (1) Behoudens die bepalings van subartikel (3), bestaan die regeringsdiens uit die persone wat voltyds, deeltyds, tydelik of onder 'n spesiale kontrak -

(a) in poste wat deel van die vaste diensstaat uitmaak; of

(b) addisioneel tot die vaste diensstaat,

aangestel is.".

*Wysiging van artikel 4 van Wet 2 van 1980*

3. Artikel 4 van die Wet word hierby gewysig deur paragraaf (b) van subartikel (13) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(b) wat op die datum van verstryking van sy ampstermyn as Lid van die Kommissie —

(i) nie weer daarin aangestel word nie; of

(ii) nie na 'n pos wat deel van die vaste diensstaat uitmaak, oorgeplaas word nie; of

(iii) nie addisioneel tot die vaste diensstaat in diens gehou word nie; en".

## SCHEDULE

*Amendment of section 1 of Act 2 of 1980*

1. Section 1 of the Government Service Act, 1980 (hereinafter referred to as the Act), is hereby amended by the deletion in paragraph (b) of the definition of "officer" in subsection (1) of the words "in any post".

*Amendment of section 2 of Act 2 of 1980*

2. Section 2 of the Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

" (1) Subject to the provisions of subsection (3), the government service shall consist of all such persons as may be appointed on a full-time or part-time basis or temporarily or under a special contract -

(a) to posts constituting part of the fixed establishment; or

(b) additional to the fixed establishment.".

*Amendment of section 4 of Act 2 of 1980*

3. Section 4 of the Act is hereby amended by the substitution for paragraph (b) of subsection (13) of the following paragraph:

"(b) who at the date of expiration of his period of office as a member of the Commission -

(i) is not reappointed thereto; or

(ii) is not transferred to a post constituting part of the fixed establishment; or

(iii) is not retained in employment additional to the fixed establishment; and".

## AANHANGSEL

## WETTE HERROEP OF GEWYSIG

| No. en jaar | Kort titel | Omvang van herroeping of wysiging |
|---|---|---|
| Wet 30 van 1980 van die Nasionale Vergadering van Suidwes-Afrika | Wet op Nasionale Onderwysswys, 1980 | (a) Die herroeping van artikels 13, 14, 15, 16, 17, 18, 19, 20, 21, 22, 23 en 24;<br>(b) die wysiging van artikel 25 deur subartikel (6) te skrap; en<br>(c) die wysiging van artikel 34 -<br>(i) deur in die woorde wat subparagraaf (i) van paragraaf (g) van subartikel (1) voorafgaan die woorde "artikels 13 tot en met" deur die woord "artikel" te vervang;<br>(ii) deur in genoemde subparagraaf (i) die woorde "in poste wat deel uitmaak van of addisioneel is tot die onderwysdiensstate van staatskole en" te skrap;<br>(iii) deur in subparagraaf (ii) van genoemde paragraaf (g) die woorde "onderwysers wat poste beklee wat deel uitmaak van of addisioneel is tot die onderwysdiensstate van staatskole en" te skrap; en<br>(iv) deur subparagraaf (iii) van genoemde paragraaf (g) deur die volgende subparagrawe te vervang: |

## ANNEXURE

## LAWS REPEALED OR AMENDED

| No. and year | Short title | Extent of repeal or amendment |
|---|---|---|
| Act 30 of 1980 of the National Assembly of South West Africa. | National Education Act, 1980. | (a) The repeal of sections 13, 14, 15, 16, 17, 18, 19, 20, 21, 22, 23 and 24;<br>(b) the amendment of section 25 by the deletion of subsection (6); and<br>(c) the amendment of section 34 -<br>(i) by the substitution in the words preceding subparagraph (i) of paragraph (g) of subsection (1) for the words "sections 13 up to and including" of the word "section";<br>(ii) by the deletion in said subparagraph (i) of the words "to posts which constitute part of or are additional to the teaching establishments of government schools and";<br>(iii) by the deletion in subparagraph (ii) of the said paragraph (g) of the words "teachers occupying posts which constitute part of or are additional to the teaching establishments of government schools and"; and<br>(iv) by the substitution for subparagraph (iii) of the said paragraph (g) of the following subparagraphs: |

| Omvan van herroeping of wysiging | |
|---|---|
| "(iii) die salarisskale, salarisse en toelaes van onderwysers wat poste beklee wat deel van die onderwysdiensstate van staatsondersteunde skole uitmaak en ten opsigte waarvan 'n subsidie of hulptoekenning kragtens hierdie Wet betaal word; | "(iii) the salary scales, salaries and allowances of teachers occupying posts constituting part of the teaching establishments of governmentaided schools in respect of which a subsidy or grant-in-aid is being paid under this Act; |
| (iv) die ontslag en uitdiensstreding van en diensbeëindiging deur onderwysers wat poste beklee wat deel van die onderwysdiensstate van staatsondersteunde skole uitmaak en ten opsigte waarvan 'n subsidie of hulptoekenning kragtens hierdie Wet betaal word.". | (iv) the discharge and retirement of and termination of service by teachers occupying posts constituting part of the teaching establishments of government-aided shools in respect of which a subsidy or grant-in-aid is being paid under this Act."; |